DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

**NG GEMEENTE KOGELBERG**

*ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA*

Weerklank

**Lente 2025**

# Besinning oor pad vorentoe



*Foto: Joanne Momsen*

Die kerkraad het in Augustus besin oor die gemeente se bedieningsbehoeftes en belangrike besluite geneem. Ons berig daaroor asook die veranderinge wat ons deur die jare in die kerk ervaar het.

# Kyk net hoe het ons al verander ...

Die meeste mense in ons gemeente het die afgelope vyf of ses dekades talle veranderinge in die kerk beleef. Ook hier in ons gemeente.

Dink maar aan die klere waarmee ons kerk toe gekom het. Pakke klere vir die mans, hoede vir die vroue. ‘n Toga vir die dominee. Swart pakke — selfs manelpakke — vir kerkraadslede, wat stroef uit die konsistorie ingestap het en links en regs van die preekstoel plek ingeneem het. In die somer was kerkdrag in sommige dele van die land ‘n ernstige beproewing. En mans (en seuns) moes staan vir die dominee se lang gebede.

Die dominee se vrou is outomaties (sonder vergoeding) vir allerlei gemeentetake ingespan. Die dominee is altyd as “dominee” aangespreek — en sy vrou as “mevrou”, indien nie “mevrou dominee” nie. Vandag word noemname meestal gebruik en het hulle dikwels eie beroepe. Lidmate neem nou meermale die leiding.

Die liturgie was soos ‘n vaste spyskaart. Alles het elke erediens presies soos die vorige afgeloop. Mens het byna meganies opgestaan en gesit, gesing en geluister. Vandag verander dit elke Sondag.

Aanddienste het vir dekades voortgeduur totdat uiteindelik besef is dat net ‘n handjievol lidmate dit bywoon. Maar die dominee stuur nou daagliks vir jou ‘n boodskap via sosiale media. Gedrukte kommunikasie is deur allerlei elektroniese media vervang. Ons kry meer inligting vandag as ooit in die verlede. Sosiale media-toepassings soos facebook en whatsapp speel ‘n al hoe groter rol.

Wyksbyeenkomste of kleingroepe het al hoe belangriker geword en huisbesoek deur die dominee is deur pastorale gesprekke vervang — wel, nie orals en altyd nie, maar meestal.

Ons het uit die ou Gesangboek gesing, behalwe tydens Pinksterdienste, waar Hallelujas toelaatbaar was. Toe kom die nuwe gesangboek in 1978, gevolg deur die Liedboek. Vandag is daar ook Vonkk en Flam, met meer kontemporêre liedere in. Psalms word by uitsondering in sommige gemeentes gehoor.

Maar boekies het verdwyn, want ons het die liedere op die groot skerm. En as die krag af is moet ons vir die kragopwekker wag, want wie ken die liedere in die Liedboek uit hul koppe?

Die gevare het stelselmatig verander: die Roomse gevaar was in die 1960's so erg dat ek as kind ontsteld was oor die "Rooms" wat op dakke van huise in dorpe geverf is en wat ek gesien het in die verbyry.

"Waarom is daar so baie Roomse," het ek gevra. Nee, net kamers te huur in 'n era voordat dit B&B's geword het.

'n Kruis is as "Rooms" beskou, toe plaas ons 'n hoenderhaan op kerktorings. Daar is gefrons oor enige visuele voorstelling van Jesus of Bybelse gebeure. Vandag voer ons 'n Paasspel op sonder 'n woord van protes.

As kinders het ons vir getrouheid 'n seël aan die einde van die jaar by die Sondagskool ontvang. Jy het hom op 'n sertifikaat geplak totdat hy vol was en jy "aangeneem" kon word — al het God jou lankal aangeneem as sy kind.

Vraag is watter gebruike (wat nie in die Bybel hul oorsprong het nie) is steeds aanwesig in ons kerklike lewe? Watter is nuttig, tot eer van God en heil van die gemeente?

Hoe moet ons ons gemeente inrig om te pas by nuwe realiteite en nuwe uitdagings. Dalk moet vorige reëlings verander word. Dalk nie.

Maar ons moet steeds vra wat dien die heil van die gemeente — en uiteindelik die eer van God. — **Johannes Froneman**

*Weerklank word uitgegee deur die NG Gemeente Kogelberg. Die redakteur is Johannes Froneman, die subredakteur Lisel Krige en die vormgewing is deur Joke Venter.*

# Kerkraad besluit om tweede voltydse leraar te beroep

Die Kerkraad het besluit dat daar nie weer 2 deeltydse poste geskep word nie, maar dat die tweede voltydse predikantspos, wat sedert 2021 dormant was, weer geaktiveer word en dat ‘n tweede, voltydse predikant, beroep word. Die ideale teikendatum vir die bevestiging van die nuwe leraar is DV 1 Maart 2026.

Hierdie besluit is geneem in die lig van die afloop van ds. Leopold van Huyssteen se hulpleraarstermyn asook dié van ds. Kirsten Small.

Die Kerkraad se besluit lui verder dat die inhoud en funksionering van die werksaamhede van die twee voltydse leraars, in die nuwe seisoen, in lyn sal wees met die volgende riglyne:

Beide predikantsposte is op ‘n gelyke vlak - nie volgens ‘n hiërargiese struktuur nie. Albei behoort onder andere volgens Sinodale riglyne vergoed te word. En albei moet verbind wees tot die nakom van die predikantspligte soos uiteengesit in Reglement 9 van die Kerkorde. Teen dié agtergrond sal ‘n spesialis-predikant, soos bv ‘n jeugleraar, nie ideaal wees nie.

Daar moet geen geografiese bedieningsgrense wees nie — die twee leraars bedien die hele gemeente.

Die tweede predikant hoef nie noodwendig in die Bettysbaai-omgewing te woon nie – die praktyk het dit reeds in die verlede so uitgewys.

Daar sal ook herbesin word oor die nodigheid van afloslerаars op sekere naweke in die nuwe seisoen van twee voltydse leraars.

Die uitvoering van die besluit oor die beroeping van ‘n tweede leraar geniet tans aandag.

‘Daar moet geen geografiese bedieningsgrense wees nie — die twee leraars bedien die hele gemeente.’

# Wat ‘geloofsoffers’ is en hoe dit werk

Die volgende inligtingstuk is in opdrag van die kerkraad opgestel. Dit gee kortliks aandag aan die begrippe dankoffer en geloofsoffer.

Wat is 'n dankoffer?

Dankoffers is jou normale bydrae (jou tiende) wat gebruik word vir die gemeente se bestuur en bedieninge.  Dit word aangewend vir onder andere salarisse, fasiliteite en die dag-tot-dag-funksionering van die gemeente in haar totale bediening in die koninkryk.  Dankoffers is ’n geestelike beginsel – ’n lofoffer en ’n manier om vir God dankie te sê vir wat jy alles van Hom ontvang.

Wat is 'n geloofsoffer?

'n Geloofsoffer is 'n offer wat gelowiges bo-en-behalwe hulle normale dankoffer gee.  Dit beteken normaalweg dat hulle 'n besluit neem om iets anders in hulle lewe op te offer. Gelowiges doen dit in die geloof dat hulle die Here kan vertrou dat Hy - dit wat Hy op hulle hart gelê het - sal voorsien en dat dit tot Sy eer aangewend sal word.

Hierdie bydrae is 'n persoonlike saak tussen elke gelowige en die Here, waarvoor lidmate self, onder leiding van die Heilige Gees, verantwoordelikheid neem.

'n Geloofsofferbelofte is dus die onderneming ("commitment") wat lidmate persoonlik onder die Here se leiding in geloof aangaan om:

- 'n bepaalde bydrae (maandeliks of eenmalig) te gee en;
- gereeld vir die projek/te waarvoor hulle gee, voorbidding te doen.
- die Here te vertrou om aan hulle die fondse te voorsien wat hulle nie noodwendig het nie.

Waarom wil die gemeente se leierskap dan weet van my geloofsoffer?

Die Kerkraad erken dat geloofsoffers 'n persoonlike saak tussen lidmate en die Here is. Tog wil ons graag ook ons begroting op 'n verantwoordelike wyse bestuur as rentmeesters van ons Koning. Daarom versoek ons lidmate wat geloofsoffers wil gee — bo en behalwe hulle normale dankoffer - om dit so aan te dui, ter wille van die beplanning van ons bedieninge en uitreikaksies.

Wat is die motivering vir dankoffers en geloofsoffers?

- Dit leer ons om afhanklik van God te lewe en gee ons die vreugde van praktiese ervaring van geloofsvertroue en offervaardigheid;
- Dis ’n belegging in God se Koninkryk en help lidmate op 'n ander vlak om ook medewerkers in die uitleef van ons roeping om Draers van sy lig, Verskilmakers met Deernis en Ambassadeurs van Hoop te wees.;
- Dit help lidmate om op 'n praktiese manier betrokke te wees by, en voorbidding te doen vir, getuienis-, uitreik- en barmhartigheidsprojekte van die gemeente;
- Dankoffers en Geloofsoffers is ’n verbintenis tot jou geloofsgemeenskap en die werk waarmee die Here in en deur ons gemeente besig is.

Op watter manier gee ek my dankoffer en geloofsoffer?

Lidmate kan sowel hulle dankoffers as geloofsoffers in dieselfde rekening van die NG Gemeente Kogelberg inbetaal. Dit is net belangrik dat jy duidelik sal aandui vir watter fonds jy hierdie geld gee.

Merk dus jou bydrae as DANKOFFER of GELOOFSOFFER en voeg daarby asseblief HK as jy in die Hangklipstreek bly of KM as jy in die Kleinmondstreek bly.

Indien jy met jou geloofsoffers ook baie spesifiek wil aandui vir watter aksie of projek jy jou bydrae wil gee, kan jy dit doen deur verder ook die naam van die projek in jou verwysing by te voeg. Jy kan gerus die kerkkantoor skakel vir 'n volledige lys van al ons aksies en projekte of ook die inligtingspamflet by die eredienste kry.

Ons verseker jou dat ons jou bydrae met verantwoordelikheid en deursigtigheid sal aanwend in die beste belang van God se koninkryk.

Baie dankie vir jou bereidwilligheid en vrygewigheid om vir die werk van die Here by te dra.

Vir meer inligting kan jy enige tyd die kerkkantoor of vir ds Heinrich Carstens by 083 566 1490 skakel.